

**9 November**

**Jesaja 52:1-12; (Teks: 52:7)**

***God is die enigste Koning wat egte vrede en verlossing gee***

God se volk smag na vrede en verlossing. Die rede: Hulle is in ballingskap weggevoer en leef nou as vreemdelinge soos hulle voorvaders in Egipte onder die koning van Babel. Hulle wag op verlossing. Dit is nie meer lank nie, want hulle hoor al die voetstappe van die boodskapper wat goeie nuus vir hulle bring.

As jy lank vir 'n boodskap wag is die voetstappe van die boodskapper wat nader kom 'n wonderlike geluid. Dink maar aan die voetstappe van 'n dokter wat die uitslag van 'n mediese toets vir jou bring. Dink maar aan die telefoon wat lui as jou kinders veilig by hulle bestemming aangekom het. Die volk van God, sy kerk, smag elke dag na die boodskap van vrede en verlossing, want ons is steeds vasgevang in die pyn van die sonde en hartseer gebeurtenisse van elke dag. Daar is egter goeie nuus.

Die goeie nuus is dat ons 'n Koning het wat ware vrede en verlossing bring. Aardse konings kan vrede bring of verlossing uit onderdrukking bring, maar dit is tydelik van aard. Die vrede en verlossing van Jesus Christus is ewig en vir ons gegee. Hy is die Boodskapper wie se voetstappe gehoor word, wat vrede en redding aankondig en kom wys het: "Jou God is Koning!"

Jou voetstappe kan vandag vir iemand anders wat nood het 'n wonderlike geluid wees. Gaan bring die boodskap van Jesus se verlossing vir so een en kondig die vrede en redding wat gekom het aan. Gaan vertel dat God ons Koning is van nou af tot in ewigheid.

Sing: Psalm 99:1 -5

Ds. R.L. van Niekerk (Vaalpark)